higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE

(Eerste Vraestel)

NKR-VLAK 4

(3011004)

27 November 2018 (Y-vraestel)
13:00–16:00

'n Nieprogrammeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n antwoordboek van 13 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK wat verskaf word.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Toon AL jou berekenings.
5. GEEN bladsye mag uit die ANTWOORDBOEK verwyder word nie.
6. Gebruik die tabel hier onder as riglyn om te bepaal hoeveel tyd jy aan elke vraag moet spandeer.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYDSGIDS
AFDELING A			
1	Kortvrae	30	27 minute
2	Berekeningsvrae	30	27 minute
AFDELING B			
3	Aansuiwerings	40	36 minute
4	Wins-en-verliesberekenings	30	27 minute
5	Finansiële state	50	45 minute
6	Invloed op rekeningkundige vergelyking	20	18 minute
		200	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 … word in die inkomstestaat opgeteken.

A Vooruitbetaalde uitgawes
B Opgelope depresiasie
C Handelsvoorraadtekort
D Inkomste vooruit ontvang

1.1.2 Aan die einde van die finansiële jaar sal die wins of verlies na die ...-rekening oorgedra word.

A handels
B onttrekkings
C kapitaal
D verkope

1.1.3 Die … is NIE 'n metode om depresiasie of waardevermindering te bereken nie.

A reguitlynmetode
B dalendesaldo-metode
C kosprysmetode
D wisselende metode

1.1.4 Hierdie finansiële staat word gebruik om die onderneming se finansiële posisie te bepaal:

A Balansstaat
B Kontantvloei
C Proefbalans
D Inkomstestaat

1.1.5 Huuruitgawe wat vir die huidige finansiële jaar verskuldig is maar nog nie betaal is nie, staan bekend as …

A opgelope inkomste.
B opgelope uitgawe.
C vooruitbetaalde uitgawe.
D inkomste vooruit ontvang.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.2 Die volgende inligting het in Cosmos Gift Store se boeke verskyn op 30 November 2017, die einde van die onderneming se finansiële jaar:

Verpakkingsmateriaal (01/12/2016)	R45 600
Aankoop van verpakkingsmateriaal – kontant	R11 200
Aankoop van verpakkingsmateriaal – krediet	R19 800
Verpakkingsmateriaal aan die eienaar uitgereik vir persoonlike gebruik	R560
Verpakkingsmateriaal (30/11/2017)	R20 200
Handelsvoorraad (30/11/2017)	R88 000
Handelsvoorraadtekort (30/11/2017)	R5 000

BYKOMENDE INLIGTING

Verpakkingsmagteriaal ter waarde van R6 500 wat gedurende die jaar aangekoop is, is verkeerdelik na die herstelwerk-en-instandhoudingsrekening oorgeboek. Hierdie fout is nog nie reggestel nie.

1.2.1 Gebruik die inligting wat hier bo gegee word om die verpakkingsmateriaalrekening in die algemene grootboek op 30 November 2017 te voltooi en af te sluit. (11)

1.2.2 Hoeveel sal in die balansstaat opgeteken word ten aansien van verpakkingsmateriaal op 30 November 2017? (1)

1.2.3 Hoeveel sal in die inkomstestaat opgeteken word ten aansien van verpakkingsmateriaal op 30 November 2017? (1)

1.2.4 Voltooi die aantekening volledig, in die balansstaat waarin verpakkingsmateriaal opgeteken sal word. (4)

1.3 Die volgende inligting is uit Siyalulu Fruiters se rekords vir die jaar geëindig 31 Maart 2018 onttrek:

Totale verkope	?
Kredietverkope	?
Kontantverkope	R175 000
Koste van verkope	R54 000
Bruto wins	R400 000
Netto wins	R65 000
Ander inkomste	45% of net profit

Bereken die volgende vir die jaar geëindig 31 Maart 2018:
(Toon ALLE berekenings.)

1.3.1 Totale verkope (2)

1.3.2 Kredietverkope (2)

1.3.3 Bedryfsuitgawes (4)

[30]

VRAAG 2

2.1 Die volgende inligting is uit Govender's Take Aways se rekords op 31 Augustus 2018 onttrek.

Toerusting	R75 000
Opgelope depresiasie op toerusting	R13 400

BYKOMENDE INLIGTING

- 'n Nuwe kantoorlessenaar is op 1 Junie 2018 vir R8 000 op krediet gekoop. Hierdie aankoop is nie opgeteken nie.
- Voorsiening vir depresiasie word gemaak teen 10% p.j. op die dalendesaldo-metode.

2.1.1 Bereken die depresiasie wat in die inkomstestaat op 31 Augustus 2018 opgeteken sal word. (7)

2.1.2 Voltooi en balanseer die toerustingrekening in die algemene grootboek op 31 Augustus 2018. (4)

2.1.3 Bereken die opgelope depresiasie op toerusting wat in dire aantekennge by die balansstaat opgeteken sal word. (3)

2.1.4 Watter uitwerking het opgelope depresiasie op niebedryfsbates? (1)

2.2 O 30 September 2018 het die volgendde saldo's in die boeke van Handy Mandy Repairs Centre verskyn:

Debiteurekontrole	R16 000
Voorsiening vir slegte skuld	R1 200
Slegte skuld	R6 500

Die volgende aanpassings (aansuiwetings) is nog nie in aanmerking geneem nie:

- Jewel Sooknanan, 'n debiteur wat vroeër afgeskryf is, betaal 'n bedrag van R500 in die onderneming se bankrekening in.
- Thula Ngubane het weggeloop en kan nie opgespoor word nie. Skryf sy rekening van R1 400 as oninvorderbaar af.
- Pas die voorsiening aan vir slegte skuld tot 6% van debiteure.

2.2.1 Bereken die bedrag vir slegte skuld op 30 September 2018 wat in die inkomstestaat opgeteken sal word. (3)

2.2.2 Bereken die voorsiening vir slegte skuld op 30 September 2018 wat in die balansstaat opgeteken sal word. (4)

Kopiereg voorbehou

2.2.3 Bereken die voorsiening vir slegte-skuldaansuiwering wat op 30 September 2018 in die inkomstestaat opgeteken sal word. Dui aan of dit 'n INKOMSTE of 'n UITGAWE is. (4)

2.2.4 Voltooi die aantekening by handels- en ander debiteure in die balansstaat. Toon al die nodige berekenings. (4)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 60

NCM

AFDELING B

VRAAG 3

Die volgende vooraansuiweringsproefbalans is onttrek uit die rekords van Pasika's Dealers op 30 April 2018, die laaste dag van sy finansiële jaar.

VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS VAN PASIKA'S DEALERS OP 30 APRIL 2018

	FOL	DEBIET		KREDIET	
BALANSSTAATREKENINGAFDELING					
Kapitaal (1 Mei 2017)	B1			80 000	00
Onttrekkings	B2	15 600	00		
Voertuie	B3	87 000	00		
Opgelope depresiasie op voertuie	B4			52 000	00
Toerusting	B5	47 700	00		
Opgelope depresiasie op toerusting	B6			18 268	00
Handelsvoorraad	B7	19 588	00		
Bank	B8	37 387	00		
Kleinkas	B9	855	00		
Los kontant	B10	300	00		
Debiteurekontrolel	B11	11 850	00		
Krediteurekontrole	B12			15 408	00
Lening: Nedlac Bank 15%	B13			70 000	00
Vste deposito: NBS Bank (12%)	B14	120 000	00		
NOMINALE-REKENINGAFDELING					
Verkope	N1			241 997	00
Koste van verkope	N2	92 135	00		
Debiteurekortings	N3	5 878	00		
Water en elektrisiteit	N4	14 684	00		
Salarisse en lone	N5	32 650	00		
Rekenaaruitgawes	N6	3 584	00		
Slegte skuld	N7	630	00		
Rente ontvang	N8			820	00
Rente op lening	N9	3 800	00		
Motoruitgawes	N10	4 898	00		
Bankkoste	N11	384	00		
Verpakkingsmateriaal	N12	3 450	00		
Kommissie-inkomste	N13			2 280	00
Huurinkomste	N14			27 600	00
Telefoon (slegs huurgeld)	N15	6 000	00		
		508 373	00	508 373	00

Kopiereg voorbehou

AANSUIWERINGS

1. Herstelwerk aan die eienaar se persoonlike motorvoertuig van R2 250 is in die motorvoertuig-uitgawerekening opgeteken. Korrigeer die fout.

2. 'n Debiteur, P. Smith, is insolvent verklaar en kan nie haar uitstaande rekening van R6 750 betaal nie. 35% van die bedrag is uit haar boedel ontvang en opgeteken; die res moet afgeskryf word.

3. Skep 'n voorsiening vir slegte skuld teen 10% van debiteure.

4. Doen 'n aansuiwering van die rente ontvang. Die vaste deposito is op 31 Mei 2017 belê.

5. R. Peterson se salaris vir April van R2 980 is nog uitstaande.

6. Voorsiening vir depresiasie op die toerusting en voertuie vir die jaar word soos volg gemaak:

   6.1 Toerusting teen 15% per jaar op die reguitlynmetode. 'n Nuwe rekenaar is op 1 Maart 2018 vir R6 000 aangekoop en dienooreenkomstig opgeteken.

   6.2 Depresiasie van voertuie teen 10% per jaar op die dalendesaldo-metode

7. 'n Fisiese voorraadopname op 30 April 2018 het die volgende voorhande getoon:

   - Handelsvoorraad R17 020
   - Verpakkingsmateriaal R680

8. Die eienaar, mnr T. Ngwenya, het vir sakedoeleindes oorsee gegaan. Voordat hy op 30 April 2018 vertrek het, het hy die besigheid se telefoonhuurgeld vir drie maande vooruit betaal.

9. Die besigheid het die gerekenariseerde rekeningkunde-pakket opgradeer. 'n Faktuur van R350 vir die opradering is nog nie betaal nie.

10. 'n Bedrag van R400, wat vir die volgende finansiële tydperk is, is in die kommissie-inkomste ingesluit.

11. Die eienaar het sy kapitaalbydrae met 12,5% op die laaste dag van die finansiële jaar verhoog. Die inskrywing is nog nie opgeteken nie.

GEVRA

Teken die aansuiwerings in die algemene joernaal op 30 April 2018 op. Verklarende aantekeninge word NIE verlang nie.

Rond jou antwoorde af tot die naaste rand. **[40]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Die volgende na-aansuiweringsproefblans het in die rekords van Siyanda Car Dealers verskyn op 31 Julie 2018, die laaste dag van sy finansiële jaar.

NA-AANSUIWERINGSPROEFBALANS VAN SIYANDA CAR DEALERS OP 31 JULIE 2018

	FOL	DEBIET		KREDIET	
BALANSSTAATAFDELING					
Kapitaal (1 Augustus 2017)	B1			165 000	00
Onttrekkings	B2	42 000	00		
Grond en geboue	B3	150 000	00		
Toerusting	B4	45 000	00		
Opgelope depresiasie op toerusting	B5			12 000	00
Debiteurekontrole	B6	21 400	00		
Handelsvoorraad	B7	38 900	00		
Bank	B8			14 200	00
Kleinkas	B9	980	00		
Opgelope inkomste	B10	1 600	00		
Inkomste vooruit ontvang	B11			5 400	00
Voorsiening vir slegte skuld	B12			2 140	00
Krediteurekontrole	B13			37 520	00
Vooruitbetaalde uitgawe	B14	3 750	00		
NOMINALE-REKENINGEAFDELING					
Verkope	N1			475 500	00
Koste van verkope	N2	129 500	00		
Debiteurekorting	N3	5 500	00		
Rente op lening	N4	36 200	00		
Voorsiening vir slegteskuld-aansuiwering	N5	1 500	00		
Reis- en akkommodasieuitgawes	N6	14 900	00		
Regskoste	N7	4 970	00		
Kommissie ontvang	N8			15 660	00
Telefoon	N9	13 450	00		
Skryfbehoeftes	N10	12 127	00		
Water en elektrisiteit	N11	23 897	00		
Huurinkomste	N12			49 000	00
Rente ontvang	N13			1 854	00
Depresiasie	N14	26 000	00		
Handelsvoorraadtekort	N15	9 200	00		
Salarisse en lone	N16	197 400	00		
		778 274	00	778 274	00

Kopiereg voorbehou

GEVRA

Open die volgende rekeninge in die algemene grootboek van Siyanda Car Dealers en boek die sluitingsoordragte daarheen oor. Balanseer/Sluit al hierdie rekeninge op 31 Julie 2018 af.

4.1	Kapitaal	(5)
4.2	Onttrekkings	(2)
4.3	Voorsiening vir slegteskuld-aansuiwering	(3)
4.4	Handelsrekening	(5)
4.5	Wins-en-verliesrekening	(15)
		[30]

VRAAG 5

Gebruik die volgende inligting wat onttrek is uit die boeke van Maseko Traders op 28 Februarie 2018, die einde van sy finansiële jaar, om die volgende op 28 Februarie 2018 voor te berei

5.1	Inkomstestaat	(26)
5.2	Balansstaat. Toon SLEGS die aantekeninge wat verlang word in die ANTWOORDBOEK.	(24)
LET WEL:	Waar van toepassing, toon alle bewerkings tussen hakies. Rond die antwoorde tot die naaste rand af.	**[50]**

AANSUIWERINGS

1. Voorsiening word soos volg gemaak vir depresiasie op toerusting en voertuie:

   1.1 Voertuie teen 15% per jaar op die kosprysmetode

   1.2 Toerusting teen 10% per jaar op die dalendesaldo-metode

2. Die fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2018 het die volgende getoon:

   Handelsvoorraad R30 000
   Skryfbehoeftes R440

3. Skryf die skuld van S. Malinga, 'n debiteur, as oninvorderbaar af, R658.

4. Pas die voorsiening vir slegte skuld aan na 5% van debiteure.

5. Kleingeld uit die kleinkas van R150 wat uit die onderneming se bankrekening onttrek is, is verkeerdelik in die loskontant-rekening ingeskryf.

6. Pas die rente op die lening aan. Die lening is op 1 Mei 2017 uitgeneem.

Kopiereg voorbehou

7. Ingesluit in die versekeringsbedrag is 'n versekeringspremie van R6 000 wat jaarliks op 1 Januarie betaal word. Die polis is ongeveer twee jaar gelede uitgeneem.

   Bereken die bedrag wat vooruit op die polis betaal is.

VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS VAN MASEKO TRADERS
VIR DIE JAAR GEëINDIG 28 FEBRUARIE 2018

	FOL	DEBIET		KREDIET	
BALANSSTAATAFDELING					
Kapitaal (1 Maart 2017)	B1			189 000	00
Onttrekkings	B2	36 000	00		
Voertuie	B3	125 600	00		
Opgelope depresiasie op voertuie	B4			42 800	00
Toerusting	B5	67 500	00		
Opgelope waardevermindering op toerusting	B6			21 005	00
Handelsvooorraad	B7	31 600	00		
Bank	B8	14 500	00		
Kleinkas	B9	850	00		
Los kontant	B10	650	00		
Debiteurekontrole	B11	48 658	00		
Krediteurekontrole	B12			36 666	00
Voorsiening vir slegte skuld	B13			9 250	00
Lening: Giant Bank (15%)	B14			100 000	00
NOMINALEREKENINGE-AFDELING					
Verkope	N1			392 588	00
Koste van verkope	N2	220 600	00		
Debiteurekortings	N3	8 600	00		
Lone	N4	196 000	00		
Slegte skuld	N5	4 680	00		
Korting ontvang	N6			9 708	00
Skryfbehoeftes	N7	12 500	00		
Bankkoste	N8	6 129	00		
Water en elektrisiteit	N9	49 500	00		
Eiendomsbelasting	N10	12 600	00		
Slegte skuld ingevorder	N11			1 500	00
Huurinkomste	N12			66 000	00
Intekengeld	N13	5 700	00		
Rente op lening	N14	10 400	00		
Versekering	N15	16 450	00		
		868 517	00	868 517	00

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Ontleed die transaksies uit die boeke van Caledon's Book Store op 31 Maart 2018, die laaste dag van die finansiële jaar.

Toon die rekening in die algemene grootboek wat gedebiteer moet word en die rekening wat gekrediteer moet word. Toon die uitwerkings van die elemente van die rekeningkundige vergelyking. Toon 'n toename met 'n **+**, 'n afname met 'n **–** en geen uitwerking met **0**.

VOORBEELD:
Het Waltons betaal vir skryfbehoeftes met tjekno. 22, R600.

Nommer	Algemene grootboek		Uitwerking op die rekeningkundige vergelyking		
	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	Bates	Eienaarsbelang	Laste
Voorbeeld	Skryfbehoeftes	Bank	- 600	- 600	0

TRANSAKSIES

6.1 'n Tjek van R452 is aan DSTV uitgereik vir die eienaar se persoonlike DSTV-rekening. Die onderneming se DSTV-intekengeldrekening is verkeerdelik gedebiteer. (4)

6.2 Boeke is van CLS Books aangekoop en per tjek betaal. Hierdie transaksie is opgeteken; die korting van R500is egter nog nie ontvang nie. (4)

6.3 Het Umzinyathi Munisipaliteit R7 250 per tjek betaal vir water en elektrisiteit. Die bedrag wat op die munisipaliteit se faktuur verskyn, is R17 520 en dit is korrek. Stel hierdie fout reg. (4)

6.4 Sluit die netto verlies van R12 000 af. (4)

6.5 Eiendomsbelasting is R1 360 per maand. Dit het met ingang 1 Maart 2018 met 10% per maand verhoog. Die eiendomsbelasting vir die afgelope 3 maande is uitstaande. (4)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou